

²⁹Omdat die Israeliete geglo het, het hulle deur die Rooisee getrek soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars verdrink het toe hulle dit ook probeer doen het. ³⁰Omdat die Israeliete geglo het, het die mure van Jerigo geval nadat hulle sewe dae daaromheen getrek het. ³¹Omdat Ragab, die prostituut, geglo het, het sy die verkenners vriendelik ontvang en het sy nie omgekom saam met dié wat aan God ongehoorsaam was nie. ³²En wat moet ek nog meer sê? Die tyd ontbreek my om te vertel van Gideon, Barak, Simson en Jefta, van Dawid, Samuel en die profete. ³³Deur die geloof het hulle koninkryke verower, die reg van God gehandhaaf en verkry wat God beloop het; hulle het leus se bekke toegestop, ³⁴gloeiende vuur geblus en aan die swaard ontkom; hulle het in swakheid krag ontvang, was sterk in oorlog en het die leërs van vreemdes op die vlug gejaag. ³⁵Vroue het hulle dooies teruggekry, opgewek uit die dood.

Ander gelowiges wou nie die prys vir hulle eie vrylating betaal nie en is doodgemartel; hulle wou die opstanding tot 'n beter lewe deelagtig word. ³⁶Ander weer het bespottings en lyfstraf verduur, selfs boei en gevangenskap. ³⁷Gelowiges is met klippe doodgegooi, in stukke gesaag, met die swaard vermoor. Hulle het rondgeswerf in skaapvelle en in bokvelle. Hulle het gebrek gely, is verdruk en mishandel. ³⁸Die wêreld was hulle nie werd nie; hulle het rondgeswerf in woestyne en op berge en het in grotte en in gate in die grond gelewe. ³⁹En hoewel daar oor hulle almal vanweë hulle geloof met soveel lof getuig is, het hulle nie verkry wat beloop is nie, ⁴⁰omdat God vir ons iets beters beoog het, sodat hulle nie sonder ons die voleinding sou bereik nie.

12 Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, ²die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God.

Na 'n lang lys van geloofshelde in 11: 4-28 volg in vers 29-35a verskeie voorbeelde van wat gelowiges vanaf die uittoeg tot die inname van die beloofde land danksy hulle geloof ontvang het. Vers 35b-40 getuig verder oordie geloof van diegene wat oënskynlik nie tydens hulle lewe die oorwinning deur hul geloof behaal het nie. Intendeel, op die oog af het hulle as martelare gesterf. Al het hulle nie verkry wat aan hulle beloop is nie (vers 39b) dien hulle volharding as 'n aansporing vir gelowiges wat op meer as net 'n oorwinning in die hede hoop. Hulle het naamlik die beter oorwinning - die opstanding tot die ewige lewe - met die voleinding bereik. Dit is dan ook die oorwinning waarin die lesers van Hebreërs sal deel (vers 40). In 12: 1-3 word gelowiges aangemoedig om met in agneming van die skare van martelare wat na hul lewensloop kyk (hul wedloop) dit soos Jesus met volharding te voltooi sodat hulle kan deel in die oorwinning wat Hy moontlik gemaak het vir hulle.

- Volgens vers 29 het die Israeliete (Eks 14: 29-31) geglo en daarom is hulle deur God gered toe Hy hulle deur die Rooisee laat trek het. Die Israeliete het deur die see soos oor droë grond getrek, terwyl die Egiptenaars daarin verdrink het. Daar sou geargumenteer kon word dat die deurtog self 'n geloofsdaad was en dat dit nie net geskied het op grond van die Israeliete se voorafgaande geloof in God se belofte van redding uit Egipte nie. Hier is die eerste keer sprake van kollektiewe geloof (teenoor die van individue soos in die voorafgaande gedeelte) van die Israeliete in Hebreërs 11.

- In vers 30 beweeg die skrywer van die aanvanklike uittoeg van Egipte na die uiteindelijke inname van die beloofde land. Hy gee dus 'n opsomming van gebeure wat van 'n bepaalde geloofsperspektief getuig en nie 'n kronologiese uiteensetting van die hele geskiedenis nie. Die Israëliete se geloof in God se belofte dat Hy aan hulle hul eie land sal gee het hulle vir sewe dae lank om die mure van Jerigo laat trek totdat God op 'n wonderbaarlike wyse die stad se mure laat omval het waarna hulle dit kon verower (Jos 6: 1-20).

- In die volgende vers skuif die fokus van die skrywer weer na die geloof van 'n individu naamlik die van Ragab die prostituut (Jos 2: 1). Omdat sy vanweë haar geloof die Joodse spioene versteek het, het sy van God genade ontvang en is haar lewe gered toe die stad ingeneem is. Die gebeure gaan in die geskiedenis die van vers 30 vooraf, maar word hier vertel omdat die fokus op haar verlossing is eerder as op wanneer sy die daad gedoen het.

- Vanaf vers 32-33a volg 'n bondige verwysing na talle geloofshelde wie se geloof wondere verrig het. Daar word na vier rigters (Gideon, Barak, Simson en Jefta), een koning (Dawid), en Samuel en die profete as voorbeelde van geloof, verwys. Die verwysing na wat hulle deur geloof in die politiek en in oorlog bereik het, is ook nie kronologies georden nie (vers 32-33a).

- In vers 33b verskuif die fokus na diegene wat deur geloof besonder uitdagende omstandighede oorkom het (soos bv. om deur leeus bedreig te word of pogings om hulle dood te maak).

- Vers 35 verwys na verskeie vroue wat hulle kinders uit die dood teruggekry het (1 Kon. 17: 17-24; 2 Kon. 4: 17-37). Die geloof van diegene wat nie die dood ontsnap het nie, maar wat tot die einde volhard het word ook uitgelig. In vers 36 tot 38 word egter ook verskeie maniere beskryf waarop gelowiges (en spesifiek dan ook van die Ou-Testamentiese profete) tereggestel is in die antieke wêreld. So is Jeremia volgens oorlewering gestenig, Jesaja in twee gesaag en Urija met die swaard gedood). Nie alle gelowiges is dus vanweë hulle geloof van die dood gered nie. Sommige het juis as gevolg van hulle geloof gesterf.

- In Hebreërs 12: 1-3 gebruik die skrywer die beeld van 'n **arena wat volgepak is met gelowiges om die gelowiges aan te spoor om in die geloof te volhard**. Die groot skare van geloofsgetuies spoor hulle aan om hul resies te voltooi. Waarskynlik verwys dit onder andere na die getuies wat in Hoofstuk 11 vermeld is en spesifiek na die martelare wat in vers 36-38 beskryf is. Om hul wedloop te kan voltooi moet gelowiges elke las afgooi (d.w.s. breek met die sonde wat maklik hulle spoed breek) en op Jesus fokus. Vir die skrywes is Jesus die Begin en Voleinder van die geloof (**vers 2**). Nie alleen het Hy danksy sy lewe en dood 'n nuwe verhouding met God moontlik gemaak nie, maar is Hy ook die eerste wat die volle vrug daarvan ontvang het (die ewige lewe). "Voleinder" beteken die een wat reeds die wedloop voltooi het en dus as voorbeeld kan dien dat dit gedoen kan word. Al het die toeskouers van sy wedloop Hom uitgejou, het Hy nie vir die skande van die kruis wat Hy moes dra teruggedeins nie. Hy het die vyandige optrede van sondaars teen Hom verdra (vers 3). Gevolglik het Jesus die oorwinnaarskroon ontvang en sit Hy nou aan die regterkant van die troon van God (vgl. Ps 110: 1). Gelowiges moet dus na Jesus kyk en na hoe Hy die wedloop gehardloop het en na die prys wat Hy ontvang het ten einde te verhoed dat hulle geestelik moeg word en uitsak.

Bronnelys

- Du Toit, A B en ander 1990. **Handleiding by die Nuwe Testament. Band VI, Die Johannesevangelie; Hebreërs tot Openbaring: Inleiding en teologie**
- Du Toit, Andrie 2002. **Hebreërs vir vandag - 'n Bybelstudie vir dieper delwers**
- Robinson, Phil 2002. "**Hebreërs**", in Burger, Coenie en Ian Nell (red) 2009. Nuwe-Testamentiese visies vir die gemeente
- Die **Bybellenium**. Eenvoudige kommentaar, Hebreërs (Wim Vergeer), bl. 2001 ev.
- William Barclay 1998. **The letter to the Hebrews. The daily study Bible.**